



# 3 is GENOEG

## 'n saam-glo dissipelskap gesprek

Week van 3 – 9 Junie 2018 – 1 Samuel 3:1-20.

### 3 STAPPE

'n 3iG-groep is 'n saam-glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

### 2 ANDER

Dit is slegs ek en 2 vriende wat 'n spontane groep vorm. Dit kan egter ook uit meer as drie mense wees: ons familie of vriende of kollegas of mense in die gemeente.

### 1 GESPREK

Ons maak weekliks met mekaar kontak (deur 'n koffie-afspraak of telefonies) rondom die gefokusde saam-gesels van die week. Die leier – wat elke week wissel - sorg dat ons mekaar daardie week sien.

### saam B.I.D

Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.

B.I.D. staan vir:

B: Bely teenoor God Wie Hy vir jou is én bely ook jou gesukkel vir Hom.

I: Intree vir ander ( bv. Jou 3iG-lede, jou familie, wêreld, ens.).

D: dankie-sê, maak daagliks jou dankie-lys en dank God daarvoor.

LEWENS-LEUSE: Bely elke oggend en aand oor die Woord: Rom. 6:8 "Ons het saam met Christus gesterwe; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe."

Soms kry mense al die geleenthede in die lewe, maar maak desondanks 'n mislukking van hulle lewe. Daarteenoor verras mense ons, van wie ons dit glad nie verwag het nie. Dis die mees onwaarskynlikste kandidaat wat hoogtes in die lewe bereik. God gaan juis so te werk: God kies die geringe, want sy krag kom juis na vore wanneer ons swak is. Samuel word gebore vir 'n vrou wat nooit kinders kon hê nie (1 Sam. 1). 1 Sam. 2 vertel hoe Hanna die wonder van God besing. Samuel bly en werk in die tempel met Eli en sy seuns. Lees nou 1 Sam. 3:1-20.



Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.

### saam GESELS

Jesus verwag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation.)

1. Deel jou eie ervaring van die swygende God: die afstand, die verwydering, die tevergeefsheid van gebed, geen kontak of verhouding wat ontbreek. Vertel van wat jy geleer en hoe jy gegroei het. 2. Sou dit dalk die geval wees dat God wel in die stilte met ons praat? Verduidelik hoe jy dit verstaan in die lig van 1 Sam. 3. 3. Waarom is dit veelseggend dat die Here in die donker nag na Samuel roep in die lig van die einde van die boek Rigters 21:25 en die voorafgaande gedeelte, 1 Samuel 2:11-17? Die Here roep juis mense in tye van donkerte, eiewilligheid en God-swye. Bespreek die stelling en die implikasies vir julle as navolgers van Jesus. 4. Hoe verwar ons die stem van God met dié van 'n ander mens? 5. Eli moes vir Samuel na die derde keer daarop wys dat dit die Here God is wat hom roep. Verduidelik die rol wat iemand anders in jou roeping gespeel het om aan jou perspektief en helderheid daaroor te gee. 6. God gebruik dikwels buitestaanders in sy diens. Bespreek dit in die lig van 1 Samuel 3.

Geloofsgewoonte: **Gebed.** Henri Nouwen skryf oor gebed: "To pray is to descend with the mind into the heart, and there stand before the face of the Lord, ever-present, all seeing, within you." Gebed is nie 'n verpligting nie, maar die begeerte om in verhouding met die drie-enige God te tree, intiem aan Hom verbonde wees en naby Hom te leef. Lees 1 Thess. 5:16-18; Rom. 8:26-27; Matt. 6:9-13.

**Doen-ding:** Wees stil voor God. Kom tot rus. Bedaar. Sê: "Hier is ek. Ek is by U, Here." Verwelkom Hom by jou. Gee vir God die gawe van jouself, jou lewe, jou liefde, jou alles. Asem sy liefde in. Steek 'n kers aan, simbolies van die Lig in jou lewe. Sê vir Hom wat in jou hart is. **Dink-dinge:** 1. Wat beteken Joh. 15:4? 2. Richard Rohr sê: "Prayer is ... a way of living in the Presence." Wat bedoel hy?



Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.